

**29 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-9**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:1, 8-9**

**Hoop en onuitspreeklike blydskap**

Ons staan aan die einde van hierdie feesjaar en feesvieringe van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Diep uit ons hart wil ons sê: Aan God kom al die lof toe! Hy skenk ons 'n nuwe lewe met verlossingsvreugde. Ons is deel van 'n stukkende en sondige wêreld. Ons ondervind dit aan eie lyf. Maar niks kan ons vreugde en vooruitsig wegneem nie. God bewerk 'n vaste hoop in ons. Ons hou ons oog op Hom gevestig en ons loop ons pad enduit met vertroue op Hom. Hy is groot in mag en in ontferming. Ons staan in diepe verwondering voor Hom.

God werk op 'n manier wat vir ons onpeilbaar is. Hy het sy Seun gegee om vir ons te sterf en het Hom uit die dood laat opstaan. So het Hy vir ons die sonde, die dood en die verderf oorwin en ons 'n onuitspreeklike blydskap geskenk. Ons beleef wel nog baie teenslae en droefheid in hierdie stukkende wêreld. Dit is egter 'n toets en 'n loutering om die goud in ons uit te bring. Ons bly ons oë op die einddoel gerig hou. Die egtheid van ons geloof moet lof en heerlikheid en eer waardig wees by die wederkoms van Jesus Christus.

Ons leef nie uit wat ons sien nie, maar uit die geloof in Hom. Daarom ondervind ons reeds iets van die saligheid wat vir ons wag. En daarom loof ons God, die Vader van ons Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 146 (1936)*

*Prof JL Helberg (Emeritus)*